Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

INFO 16/2026

18 September 2026

Van die skoolhoof

Ons erfenis en ons erfdeel

Psalm 16:5 "Die HERE is die deel van my erfenis ..."

September is Erfenismaand. Met die oorgang in 1994 is 24 September as Erfenisdag ingestel, 'n dag waarop Suid-Afrikaners hul eie erfenis kan gedenk. Dit herinner ons daaraan dat ons nie hoef te vergeet wie ons is, waar ons vandaan kom en wat deur vorige geslagte aan ons oorgedra is nie.

In Suid-Afrika is ons geseën met 'n besonder ryk erfenis wat ons nie self van voor af geskep het nie: natuurlewe, ons taal Afrikaans, ons tradisies, monumente en historiese geboue, kuns, literatuur, musiek, museumversamelings, en verhale van gelowige volkshelde en heldinne uit ons verlede. Ons het waarlik baie ontvang.

Dit is goed om te vra wat is ons erfenis in hierdie land, maar as gelowiges behoort ons dit so bietjie vanuit 'n ander hoek te belig naamlik; wat het die Here in sy voorsienigheid aan ons toevertrou, en wat wil ons aan die volgende geslag nalaat?

Ons erfenis is immers nie iets waarop ons kan roem asof ons dit self geskep het nie. Ons ontvang dit uit God se hand. Daarom bewaar ons met dankbaarheid dit wat waar, mooi en goed is. Ons toets dit aan sy Woord. Ons erken nederig waar die sonde ook ons geskiedenis aangetas en besoedel het, en ons koester en dra dit wat waardevol is aan die volgende geslag oor.

Want uiteindelik is nie ons taal, ons geskiedenis of ons kultuur ons grootste erfenis nie. Die Here self is ons erfdeel.

Dit sluit mooi aan by **Psalm 16:5–6**. Vanuit hierdie perspektief mag en moet ons met dankbaarheid na ons plek, ons taal, ons geskiedenis en ons tradisies kyk.

Tog moet ons vir mekaar sê dat ons diepste identiteit nie in verganklike dinge soos 'n bepaalde taal of kultuur lê nie. Ons diepste identiteit lê daarin dat ons aan Jesus Christus behoort (Sondag 1). Dit beteken nie dat volke, nasies en tale onbelangrik is nie. Inteendeel, die Bybel getuig juis van die groot menigte voor die troon en voor die Lam: mense uit elke nasie en stam en volk en taal (Op. 7:9). Ons verskeidenheid verdwyn dus nie, ook ons taal en kultuur moet in diens van die Here staan.

En juis hier is **Psalm 16** so troosvol: **"Die HERE is die deel..."** Dít kom eerste.

Nie my volk, my geskiedenis, my taal of my grond is uiteindelik my erfdeel nie. Die HERE is. Wanneer dít ons vertrekpunt is, mag ons ons erfenis met 'n dankbare hart vier, om so die Here te dank vir wat Hy aan ons toevertrou het en om na te dink oor wat ons eendag aan die volgende geslag sal nalaat.

Geseënde vakansie toegewens. Geniet Erfenisdag dankbaar saam met julle geliefdes, met die wete; Die HERE is my erfdeel.

Saskia Meijer



Beplanner

19/09: Dirkieland Witolifantmark

19/09: Mini-hokkie te Midstream

22/09: KS Oueraand

22/09: LS Gr.1-3 Oueraand

22/09: LS Fotodag (sport)

23/09: HS Matriekafskeid

23/09: Skool sluit

06/10: Skool open

08/10: KS Pappa- en kleuter-speletjiesaand

08/10: LS Gr.4-7 Oueraand

09/10: Matriekdiens

13/10: HS Oueraand

15/10: HS Koning-en-Koninginne-aand (Gr.10 en 12)

ALGEMEEN

Die afgelope maand is daar hard gewerk aan verskillende **beleide** waarvan twee afgehandel en goedgekeur is.

Sportbeleid

Die doel van hierdie beleid is om die doelwitte, beginsels, verantwoordelikhede, kommunikasie, prosedures en praktiese raamwerk vir **sportdeelname** by GSDP duidelik vas te lê. Hierdie beleid is van toepassing op die kleuter-, laer- en hoërskool. Sport vorm deel van die skool se opvoedkundige taak en moet daarom in diens staan van die ontwikkeling van die hele kind en tot eer van God beoefen word. **1 Korintiërs 10:31** vorm 'n kernriglyn: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God."


Gaan loer gerus op GSDP se **webtuiste** om die hele beleid te lees. Sportbeleid

Beslegting van geskille

By GSDP streef ons daarna om verskille, bekommernisse en geskille op 'n Bybelse, ordelike, billike en opbouende wyse te hanteer. Ons uitgangspunt sluit aan by die beginsel van **Matteus 18:15–17,** naamlik dat 'n probleem in die eerste plek direk met die persoon wat daarby betrokke is, bespreek behoort te word. Die doel hiervan is nie bloot om 'n prosedure te volg nie, maar om misverstande uit die weg te ruim, verhoudinge te beskerm en, waar nodig, versoening en herstel te bevorder.

Wanneer 'n probleem onmiddellik na 'n hoër gesagsvlak geneem word, sonder dat die betrokke persoon die geleentheid gekry het om daarop te reageer, die oplossing daarvan dikwels moeiliker. GSDP vra daarom dat ouers 'n bepaalde roete volg soos beskryf in die beleid. Gaan loer ook op die webtuiste om die hele beleid te lees. Beslegting van geskille

Ons stel hierdie **roete** ook graag as volg visueel voor:



Plastiekbottels

Help! Ons **terreinbestuurder** verdrink in al die skroefies, moertjies, spykers en ander klein gereedskap. Ons kan hom help om sy probleem op te los deur leë plastiek mayonnaise of grondboontjiebotterbottels (soortgelyk as in die foto's) te skenk. Asseblief **GEEN** glasbottels nie.





Matriekafskeid

Ons wens ons matrieks 'n besonder mooi en geseënde matriekafskeid op **23 September** toe. Mag dit 'n aand wees vol vreugde, mooi herinneringe, lekker eet en lekker kuier.

Geniet elke oomblik saam met julle vriende en geliefdes, en mag julle altyd onthou dat die Here julle ook op die pad vorentoe sal lei en bewaar.

Geniet hierdie besondere aand!

Skool sluit

Woensdag **23 September** is die laaste skooldag vir die kwartaal. Ons sluit die kwartaal af met 'n **saalafsluiting** om 10:00. Leerders verdaag om 11:00.

Geniet die vakansie, ons sien mekaar weer DV Dinsdag **6 Oktober.**



Aros
AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES



Calvyn Kongres 2026


11de Afrika/Suider-Afrikaanse Kongres vir **Calvynnavorsing**

Kom **lees, ontdek en bespreek** Johannes Calvyn se oorspronklike tekste; deel **nuwe navorsing** deur gesprekke; en ontwikkel die volgende generasie navorsers in die **wetenskaplike studie** van Calvyn.

AROS-KAMPUS
Besembiesieweg 1037, Montanapark

8 EN 9 OKTOBER 2026

8 OKTOBER VANAF 12:00
9 OKTOBER VANAF 09:00




R350,00 PER PERSOON
R200,00 PER STUDENT
(Dit sluit ligte etes en 'n dinee in.)

Registreer by:
Dr Erik van Alten: hhvanalten@gmail.com

Boekbekendstelling

Estée Cockcroft en Christine van Aarde



Kom luister saam na *Skermslim* - 'n gids vir veilig speel in die digitale ruimte. Dit is 'n Afrikaanse digitale veiligheidsgids vir kinders tussen 9 en 12 jaar oud.

Ouers is baie welkom!



Donderdag, 8 Oktober 2026
8:00
GK Kandelaar

Ondersteun
jou gemeenskap.

Vra spesifiek by
Blits kassiere
jy wil jou aankope onder

Gereformeerde Skool
DIRK POSTMA

Kontantdonasierekening doen.

Blits gee 10% korting terug aan Gereformeerde Skool Dirk Postma.

Blits
Sedert 1970

800 34th Avenue, Villieria
Tel: 083 226 2307
www.blitspta.co.za

DIY DEPOT
BUILDING HARDWARE PAINT

BLITS
012 332 1818

DIRKIES MAAK ’N MERK


Reading Riot

Baie geluk aan **Tjaart Enslin** wat **6de plek** in Gauteng behaal het in die Reading Riot 2026.

Hierdie jaar het daar meer as 11 000 gr.6'e aan die kompetisie deelgeneem.

Kom gr.5's volgende jaar is dit julle beurt!





Kleuterskool

Neem kennis van die volgende datums:

19 September: Witolifantverkoping

22 September: Oueraand

23 September: Skool sluit

8 Oktober: Pappa- en kleuter-speletjiesaand

19 November: Gradeplegtigheid

24 November: Intreevergadering vir nuwe ouers

26 November: Graad 1-kuierdag en kuierdag vir nuwe kleuters (2027)



Hoërskool


Rapporte en oueraand

Weens onvoorsiene omstandighede moet ons die uitdeel van rapporte uitstel tot na die skoolvakansie. Die oueraand wat geskeduleer was vir Donderdag 8 Oktober skuif na DV **Dinsdag 13 Oktober 2026**.

Fietsry

Ons **fietsryspan** het die afgelope Saterdag tydens die Cycle Lab School Series by Hoërskool Monument in Krugersdorp deelgeneem, en uitstekend gevaar. Die hoogtepunt was **Cobus Hagg** wat die eerste plek het in die Junior 18/19 Mans-afdeling behaal het. Cobus het deurgedring na die nasionale kampioenskappe.





Hoërskool

Tour de Maths wiskunde-kompetisie

Drie graad 8- en drie graad 9-leerlinge het op **16 September** aan die Tour de Maths wiskunde-kompetisie deelgeneem. Die kompetisie was straf en die vraestelle moeilik gewees. Ons leerlinge het nie onder die top 3 geëindig nie, maar hul steeds baie goed van hul taak gekwyt. Ons sien uit na die kompetisie volgende jaar!



Your pregnancy & postpartum midwife

ULTRASOUND SERVICES AND 4D BONDING SCANS

helderclinic.co.za

076 668 6398 Waverley, Pta

Helder clinic

Helder clinic



Aros

AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

Jou enigste **roepingsgedrewe** onderwyskeuse

Kontak ons gerus:

www.aros.ac.za 012 332 3227





www.boesemvriendinne.co.za

www.HelpHetta.co.za

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

KUMON
VILLIERIA

KLEIN TREË. STERK FONDASIES. GROOT VORDERING.

Nou oop in Waverley Plaza

Help jou kind om met selfvertroue en onafhanklikheid te leer!

WISKUNDE

Bou 'n sterk grondslag en verbeter spoed, akkuraatheid en probleemoplossingsvaardighede.

ENGELS

Ontwikkel woordeskat, leesbegrip, grammatika en selfvertroue in Engels as 'n tweede taal.

KUMON CONNECT

Die bekende Kumon-werkkaarte - nou beskikbaar digitaal op tablet - met maklike indiening en deurlopende terugvoer.

Scan me!

Bespreek 'n gratis assessering

https://www.kumon.co.za/book-assessment/villieria

076 781 3428

Snapscan Kodes

Snap here to pay
SnapScan

GSDP-
SKOOLFONDS

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan

GSDP-
BOUFONDS

Ondersteun GSDP & Herwinning

Blits



Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

My School

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.

MySchool MyVillage MyPlanet

Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.

